



STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K VIR C.H.O.

Hoofredakteur: R. G. Kriel.

Besigheidsbestuurder: H. A. Esterhuizen.

Sekretaris: W. J. I. M. du Plessis.

Medewerkers: D. L. Hattingh, P. J. v.d. Berg.

Subredakteure: J. P. B. Viljoen; J. F. Botha; J. F. E. Esterhuizen; Mej. A. Geertsema.

Deel III. No. 4.

JULIE 1948.

2/6 per jaar.


PYPORRELS

MET ELEKTRIESE AKSIE EN MODERNE VERPLAASBARE SPEELTAFEL

Dowe Gehoortoestelle, Elektroniese Kariljonne, Toringhorlosies,
Luiklokke en Kragversterker om Akoestiek te verbeter.

Daar is te min ruimte in hierdie advertensie om u alles te verduidelik en ons voel ook dat ons dit beter en deegliker kan doen óf by geleentheid van 'n persoonlike besoek aan u, óf deur u navrae afdoende te behandel deur die pos. Onthou ons is spesialiteite op bostaande gebied. Alleen die allerbeste vakmanne doen die werk vir u en ons verteenwoordig beroemde fabrieke wat deur die jare hul merk gemaak het. Ons spesifikasies, raad en kwotasies is gratis en volledig. Ons verstrek gewaarborgde leweringstermyn en alle installasies word ten volle gewaarborg om vir 'n lang tydperk sorgvrye diens te verskaf.

• 'n Nuwe toestel wat nou beskikbaar is, stel u in staat om die geluidsvolume van enige gewone huisorrel so te versterk dat dit die hele kerk vul en die koste aan die verandering verbonde, is vanaf 49-10s., afhankelijk van die geluidsterkte wat verlang word. Die voorwaarde is natuurlik dat die orrel in 'n goeie meganiese kondisie verkeer.



PRETORIA.

Algemene Kantoor en Werkwinkels:

KERKORREL AFDELING

STRUBENSTRAAT 395/7,

(H/v. Du Toit- en Strubenstraat),

Telefoon: 2-3636.

Telegramme: „Allwave.”

Noem Die WAPAD as u aan ons skrywe.

DRIE BEROEMDE

1/6 GENEESMIDDELS:

Alma Hartdruppels,

Metafos: die groot senuweeversterker,

Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek
en Griep.

S. M. LEWIS, BEP.,

APTEKERS,
POTCHEFSTROOM.

SELMA'S

TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.



BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.

KOM NA

POTCHEFSTROOM
HANDELAARSDie mees bekende Afrikaanse
Handelaars.Fone: 259 & 250.
KERKSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE

KERKSTRAAT 92,
POTCHEFSTROOM.

* * * *

Fietse en Fietsonderdele
en Reparasies.

Die Wapad.

JULIE 1948.

DIE „C.H.O.” 'N STRUIKELBLOK?

As 'n mens hoor hoe dikwels en op watter verskillende maniere mense struikel t.o.v. die ware betekenis van die woorde „Christelike Hoër Onderwys” wat volg op „P.U.K.”, dan stem dit jou tot nadenke. Vir sommige is dié woorde tot aanstoot, vir andere is dit 'n leë etiket en vir nog andere is dit 'n voorwerp van lekker spot.

In die eerste plek is daar buitestanders wat geen die minste benul het van waarom dit gaan by of wat bedoel word met die „C.H.O.” nie. Veral in tweërlei opsig word die saak hier misgevat: Eerstens is daar by baie (veral by oud-studente of huidige studente van neutrale universiteite) 'n totale onderskatting van die wetenskaplike werksaamhede aan die P.U.K., en dit omdat die „C.H.O.” volg na „P.U.K.” Hulle meen dat by lesings aan ons universiteitskollege miskien 'n stukkie uit die Bybel gelees word en dat dan so effens verwys word na die standpunt en resultate van die sg. heidense wetenskaplikes. Hierdie misvatting by sulke onkundige persone wil ek nie weerlê nie; ek wil hulle alleenlik uitnoui om self te kom kyk. Miskien sal hulle die kop laat hang, want op die P.U.K. vir C.H.O. bestudeer ons nie alleen die standpunte en opvattinge en resultate van die Skrifverwerpende of Skrif-traak-my-nie-agtige wetenskappe nie (soos die ander universiteite dit doen), maar ons het daarby die heerlike voorreg om in die kolleges die heldere lig te sien wat Gods Woord laat straal ook oor die mens se wetenskaplike arbeid. Die byvoeging van „C.H.O.” wil dus sê: ook die gebied van die wetenskap word opgeëis vir die verheerliking van Gods Naam. Dit sê dat aan die P.U.K. getrag word om Calvinisme tot sy reg te laat kom. „In U lig” wil ons ook ons wetenskaplike arbeid verrig.

Maar ook in 'n ander opsig struikel buitestaanders t.o.v. die „C.H.O.” en hierdie struikeling is van heeltemal verskillende karakter as die vorige. Daar is nl. mense wat meen dat alle persone (dosente en studente) wat verbonde is aan 'n universiteitskollege wat gekwalifiseer word met „C.H.O.” heilige en sondelose mense moet wees. Daardie mense is dan ook gedurig op die loer en spioeneer uit om tog net iets slegs te kan ontdek in die houding en lewensuitinge van dosente en studente wat verbonde is aan so'n Christelike universiteitskollege. Die geringste misstap van die kant van 'n enkele student bv. gee hulle dan ryke stof tot luide rugbaarmaking van gebreke van en verpletterende kritiek op die hele inrigting as sodanig met al sy professore, lektore en studente. Aan 'n Christelike inrigting, meen hulle, moet alles perfek, volmaak en heilig toegaan; die mense aan so 'n inrigting verbonde moet eintlik almal engeltjies wees. En so word die P.U.K. vir C.H.O. 'n skyf waarop die oë gedurig krities gevestig is. Met die ander universiteite is dit nie in so 'n mate die geval nie, en dit eenvoudig omdat hulle neutrale universiteite is, terwyl die P.U.K. die stempel van „C.H.O.” dra.

Hoewel hierdie mense se opvatting van die betekenis van „C.H.O.” natuurlik foutief is, behoort ons as studente egter daarmee rekening te hou. As gevolg van sy besondere stempel vorm ons inrigting in 'n groter mate 'n skyf vir veroordeling as wat die geval is met neutrale inrigtings. Die optrede van 'n student van die P.U.K. is dan ook 'n verantwoordelike optrede. Daaraan word ons hele inrigting beoordeel. Dus, hoewel 'n student van die P.U.K. besef dat hy geen heilige mens is nie, behoort hy nie alleen in sy wetenskapsbeoefening Gods Woord te eerbiedig nie, maar ook in sy ganse lewe.

Die „C.H.O.” is egter nie alleen vir buitestaanders 'n struikelblok nie. In die tweede plek is daar ook van ons studente self wat maar nie kan regtrap t.o.v. die „C.H.O.” nie. Dit kom nl. dikwels voor dat studente die spot dryf daarmee —dink maar net aan die uitdrukking wat vir sommige studente soveel genot verskaf nl. „P.U.K. vir CHOCOLATES.” Natuurlik kan ons hier onderskei tussen goedge spot en daardie soort spot waarin 'n giftige angel sit: 'n student is nl. tot enigiets in staat en sal bv. maklik meedoen aan die grappie

van „P.U.K. vir Chocolates” terwyl sy hart heeltemal reg is teenoor die P.U.K. en sy beginsel van Christelike Hoër Onderwys. Maar ek het ook al dikwels in hierdie soort spot 'n onmiskenbare angeltjie van haat en verset teen ons beginsel opgemerk. Dit kom voor by mense wat nie kan of wil buig, voor die gesag van Gods Woord op wetenskaplike gebied nie, en omdat die P.U.K. op hierdie gebied wil buig voor Gods Woord, word sodanige ontnuistvoelende studente dan beklemtoon met 'n verborge gevoel van haat teen die inrigting, en een van die mees voor die hand liggende kanale waardeur die opgekropte haatgevoel bietjie uitgelaat kan word, is dié van spot met en verkleining van die betekenis van die stempel van ons inrigting, nl. C.H.O.

Eindelik noem ons nog daardie betreurenswaardige studente vir wie die „C.H.O.” gladnie bestaan nie of vir wie dit geen die minste betekenis het nie. Hulle bekommer hulle nooit daaroor dat daardie drie letters volg op „P.U.K.” nie. Hulle sou ook maar net sowel aan enige ander universiteit in ons land studeer het, maar korter afstand en ander sulke omstandighede het dit vir hulle nou maar net geriefliker en goedkoper gemaak om aan die P.U.K. te studeer. „C.H.O.” is vir hulle dan ook maar net 'n leë etiket of soiets wat by die naam van die inrigting hoort deur tradisie of wat ook al. Hulle houding t.o.v. die „C.H.O.” is 'n traak-my-nie-agtige houding.

Genoeg egter van mense wat nie kan regkom met die „C.H.O.” nie. Vir elke ware P.U.K.-student is dit 'n voorreg om te kan studeer aan 'n inrigting wat die student nie gedurig bring voor 'n keuse tussen Skrifgeloof en „wetenskap” nie, maar wat die beoefening van die wetenskap ook sien as diens aan God, wat die lig van die Bybel laat val op die wetenskaplike arbeid en so ook die gesag van Gods Woord erken op wetenskaplike gebied. Die letters C.H.O. staan dus vir 'n ernstige saak; dit is 'n heerlike getuienis, 'n roepstem wat in hierdie goddelose wêreld uitgaan met die verkondiging van die groot waarheid: Eer aan God ook op die terrein van die wetenskap!

PH.SNYMAN.

Ons Lesers aan die Woord.

Geagte Redakteur,

In die jongste uitgawe van u blad verskyn daar 'n brief van die heer J. Enslin. Dat 'n egte P.U.K.ner aan die woord is, spreek uit elke sin, en dit was seker vir meer as een van ons studente-leiers 'n riem onder die hart dat daar nog manne op P.U.K. is wat so kan praat.

Ongelukkig het 'n ander brief in dieselfde „Wapad” 'n mens laat dink aan die siedende vuurtong wat vir 'n oomblik uit brandende kaf kan opslaan; en alhoewel jy weet dat dit maar net hooi is wat brand, word 'n mens tog soms gedwing om die kaf uitmekaar te skop, want persone wat nie bekend is met die geaardheid van

die bron waaruit die vuur opvlam, kan dalk dink dit is 'n brand van belang.

Uit al die wolhaarstories (tussen hakkies, sommige van hulle lyk darem onmiskenbaar op suur druiwe!!) kon ek die volgende bewerings met groot moeite onderskei.

„C.P.” beweer dat die studente-leiers 'n verwronge idee van „ons beginsel” het. As hy die positief-Calvinistiese beginsel van die P.U.K. bedoel (want dit is al wat ons as „ons beginsel” erken) dan behoort selfs 'n dowe te hoor dat sy deuntjie vals is.

Die enigste mense wat in ons studente-lewe „'n verwronge idee van ons beginsel” openbaar is diegene wat in opstand kom teen die beleid van die S.R. dat P.U.K.ners nie suip, dans en Sondae onweloweglik gekleed in die state rondlê nie. (Om dan 'n skyn van reg vir hulle „verwronge” idees te verkry word die „leiers” se standpunt voorgestel asof hulle niemand wil toelaat om „in die sitkamer van 'n hotel 'n bier te drink nie,” en verder word die tipies liberalistiese metode van verdagmakery gevolg nl. om d.m.v.

HIEROOR EN DAAROOR.

Weëns verskeie redes het Mej. S. van Wyk bedank as redaksie-lid van Die Wapad. In haar plek is Mej. A. Geertsema deur die S.R. aangewys. Mej. Geertsema word hartelik gelukgewens met die aanstelling.

Aan die wat lief het:

Skenk 'n foto wat die romanse sal bevorder.

Aan die wat presteer:

Sorg dat u trots sal wees op die fotografiese bewys van u prestasies.

Aan die wat aarsel:

Die professore en lektore wat ons binne die eerste ses weke reeds ondersteun het, of ondersteuning toegesê het, of waardering vir ons werk uitgespreek het, word van harte bedank. Ons strewe daarna om mense met onderskeidingsgawe te bevredig.

Aan die Intelligentsia:

As Kritzingerfoto's só „anders” is dat hul op uitstallings bekroon word dan is dit omdat die leiding van die kunssinnigste S.A. fotografe nie vrugtelos was nie.

J.N.J. KRITZINGER

FOTOGRAAF,

KERKSTRAAT 84,
POTCHEFSTROOM.

ANELLAS

vir

ALLES EN NOG WAT.

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE
DIENS WORD GEWAARBORG.

M. B. BLOCH

KERKSTRAAT.

HUISRAAD, STOWE

en

STOOFPARTE

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.



FIETSE EN
FIETSREPARASIES

Die Kwaliteit tel altyd.

Probeer hierdie vir Ekenomiese en
durende gemak.

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuuiste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pijamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

ALLES VERKRYGBAAR BY

TOD SUTTIE'S

Die Mans Klerewinkel.

CORNER FRUIT STORE

VIR

VARS VRUGTE EN
GROENTE
DAELIKS.

• • •

HOEK VAN KING EDWARD
EN RETIEFSTRAAT.
Foon 118.

'n „sweeping statement” te beweer dat „die mense wat so loop en preek die joligste is en daar (P.U.K. gesellighede) vloei drank soos water.” Dit is beslis onwaar. Bowendien sommige mense drink drank oral soos water! „Verwonge idee van ons beginsel”!? Ja, by diegene wat nie kan begryp dat die S.R. stryd voer teen die verpestende invloed van die Amerikaanse-Joods georiënteerde bioskoop nie, die broeikas van losbandigheid (die wurm wat aan die wortel van ons studente-lewe knaag) nie—dis HULLE wat ons beginsel wil verwring (of liever wegwring) sodat hulle onbelemmerd gevoer kan word op die vleuels van losbandigheid, lekker en sensasie!

Daarom word die SR geopponeer met „stories” soos „possies uitdeel”—hulle wil nie 'n S.R. hê wat, volgens ons konstitusie, saamgestel word deur en uit mense wat DAADWERKLIK en POSITIEF deelneem aan ons studente-lewe nie; nee, elke leegloper (elke „loafer”) moet gelyke regte hê met die mense wat werk—in sport, verenigings ens.—dan kan daar mos 'n „lekker” S.R. saamgestel word!

Daarom word die leiers voorgestel as mense wat andersdenkendes onderdruk. C.P. het ook hier weer die perd aan die stert beet: wie nie wil werk en volg op die pad van ons beginsel en unieke ideaal nie, word—nie onderdruk nie, maar beveg! Ons pad is 'n strydpad.

„Eerstejaars word gevra om nie vir verkeerde elemente te stem nie”—Nee, ek gaan dit nie geheel en al ontken nie, net die vals note uit „C.P.” se „jazz” haal en die suiwer melodie speel. Dit mag op individuele verantwoordelijkheid so hier en daar gebeur—maar dit gee geen reg vir 'n beskuldiging teen die S.R. of leiers in die algemeen nie. Die „verkeerde elemente” word slegs in teorie aangedui en hulle openbaar hulself as persone. Meestal het die persone nie die moed om openlik uit te kom nie en met die skyn van „terwille van ons beginsel” stroom hulle soos 'n rioolsloot onder die oppervlakte terwyl hulle verdagmakery teen die „leiers” stook en hulleself openbaar d.m.v. ongesoute tussenwerpsels in vergaderings omdat hulle te lafhartig is om bors aan bors met die spreker te bots. Na alles stem die eerste jaar vir wie hyself verkies as leiers om die unieke ideaal en beginsel van die P.U.K. studente-lewe verder te dra. Waar is die slinksheid nou?

Volgens ons konstitusie, wat pas by ons eiesoortige ideale, het 'n persoon stemreg na die mate wat jy jou gewig positief inwerp in die sport en verenigingslewe. Dáárom verdwyn sommige sg. „opgangmakers” soos miswolkies. Ek daag „C.P.” uit om een enkele geval aan te wys waar die „leiers” possies „uitgedeel” het aan persone; of waar die S.R. in sy aanstellings gehandel het, om iemand se mond toe te hou of omdat hy al so lankal hier is en nog nooit opgang gemaak het nie.”

„Geen massavergaderings nie”. (Wat 'n gebrek aan wind in hierdie seil!) As daar nie sake is wat dit regverdig nie, moet dit dan teen wil en dank geskied net om mense se „massa”-lus te bevredig?

Waar „C.P.” se inligting dat die Senaat tengunste van intervarsitie met Wits, is vandaan kom, weet seker net sy riemtelegrambode alleen—dit was nog nooit ter sprake nie, alleen inter-universitêre toernooie, en in die saak was daar tussen die Senaat en die S.R. alleen verskil in konsekwensie van een en dieselfde beginsel! ! Wanneer dit die regte tyd is, d.w.s. as die S.R. verslag lewer van die tweede kwartaal se werksaamhede met die algemene studentevergadering, dan kan „C.P.” na 'n verslag van die saak kom luister! Wat wil 'n mens nou meer!?

Die toestand van ons sport skryf „C.P.” toe aan die „feit” dat „hier niks en niemand is om teen te kompeteer nie.” Ek beskou dit graag as 'n eerlike poging om ons sport ten goede te kom. Maar ook hier het hy weer die saak aan die stert beet, veral as hy „ons leiers” die skuld wil gee vir die gebrek.

Atletiek (sy voorbeeld) is juis die enigste span wat die afgelope twee seisoene aan inter-universitêre kompetisie deelgeneem het nl. die Dalrymple! Die byeenkoms teen Normaai (die stimulus van vroeër) het nie deur die S.R. se bemoeiing doodgeloop nie—allermins! Hokkie, miskien ons puike span het slegs intervarsities as enigste interuniversitêre kompetisie!

Dis maar net voetbal en atletiek wat moeilike tye belewe—en dit nie soseer omdat ons soveel swakker is as ander Universiteite nie, maar omdat ons dorp soveel kleiner is as hulle stede, en dus minder eksterne studente oplewer wat jare agtereën diens doen! Die oplossing hier is m.i. dat ons ander Universiteite moet beweeg om teen ons intervarsitie te hou met slegs voltyds- (Vervolg op bls. 9, kol. 1).

Uit Oud-Studente Pen

SOLDATEAANVAL P.U.K. 1940.

Liewe Pukke,

Die Redaksie van „Die Wapad” het aan my ’n moeilike versoek gerig. Hulle het my gevra om ou koeie op te grawe. Maar ek doen dit graag omdat julle as ’n jonger geslag hierdie dinge nie mag vergeet nie. Dit moet onthou word soos wat ons Holomo-Amabuta onthou.

Laat my dan toe om die gebeurtenis weer te gee soos wat ek dit die wintersnag self deurleef en ondervind het. Dit tog sal die getrouste weergawe van die gelaakte gebeurtenis wees. Hierdie weergawe skrywe ek veral nou neer met gemengde gevoelens nadat hulle wat ons so geweldig neergeloop het, ook nou platgesit is.

Dit was Woensdag-aand. In die studentesaal was die studente besig om liedjies te oefen, want Saterdag sal dit intervarsity wees teen U.P., op Potchefstroom. In daardie ou sinksaal het dit jolig gegaan—so na elke liedjie het die ouer veterane die studente opgesweep op egte studente wyse. Heerlike dae. Ons het gesing, geluister en gejuig.

Flakvoor die venster, direk onderkant die verhoog, het ek gestaan met my rug na die venster.

Tussen die sang deur het ek voetstaple gehoor. Voetstaple van swaar stewels, soldate wat ergens heen marsjeer. En-toe, meteens bars Mnr. Gert Rautenbach die saal in. Oë onstuimig groot—met die hande sirkel hy waansinnig rond. „Boys, hier is die soldate.”

Rep en roer, heen en weer skuiwery. Here-studente wat verneem, dames wat wydogig staar. Die eerste klippe reën toe al op die saal. Ek het net eenmaal by my venster uitgeloo om my van die toestand te vergewis. Hel-

mette en kakie net waar ek kyk.

Ek wou by die venster uit, kortpad, want ek het die hopeloosheid van verset ingesien toe ek die kakiekleur-golf flussies net vir oomblikke gesien het. Verder het ek besef dat ons so ongewapend, met die verskrikte dames tussen ons, niks sal kan uitrig nie. Dit strek ons dames tot eer dat hulle hulle dapper gedra het. Ou-here wat dit tereg wel gemeen het, het in die boonste deur posisie ingeneem (die onderste deur was mankoliekerig en kon nie oopgesluit word nie) en die studente versoek om binne te bly, om sodoende as hegte eenheid weerstand te bied. Ek onthou nog goed, my klein knipmessie was oop in my hand en ek het inderhaas net so’n effentjies aan Piet Retief se manne gedink daar in die kraal van Dingaen, die Zoeloe potentaat.

Die eerste helmte gaan die venster verby. Ruite klap en sink raas. Kosyne kraak—dit beuk teen ons aan soos ’n siedende golf van ’n oseaan.

Peper en kerrie reën die vensters in, papiersakke vol, en dit het getref. Tussen al die geluide deur kon jy die geproes, genies en gehoes verneem. Die peper en kerrie het gewerk.

Ek was stom. Toe beur hulle in—die kakies! Ek het vanuit my bevoregde posisie knuppels en sandsakke sien swaai, self ’n ysterbeslaande piksteel was ergens die lug ingehef. Ek het afwerende studente sien neersak. En tussen in ons gillende dames. Ek het gesien hoe ’n hulpelose student wat die peper uit sy gesig gevee het, met ’n sandsak neer geslaan word. Ek het gesien hoe een van ons dames al oor die kakiehelmette aangegee is, van hand tot hand die deur uit. Uit die hoekie van my oog het ek gesien

BLACK'S

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

Posbus 197.

Foon 179.

KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

DU TOIT & ELOFF

Kerkstraat 59,

Foon 187.

Mans- en Damesklerasie,
Kruideniersware, Vars
Vrugte en Groente.

DIRK PONS & KIE.

(Afrikaanse Pers Beperk).

BOEKHANDELAARS EN UITGEWERS.

Agente vir:

“ROYAL” DRAAGBARE
TIKMASJIENE

geskik vir:

Onderwysers en Studente

Posbus 149.

Foon 363.

POTCHEFSTROOM.

ONTMOET U VRIENDE

||

by die

SONSKYN KAFEE

en luister na u

EIE KEUSE MUSIEK

INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en



KOLONIALE
WYNSTOORTE



en

SPIRITUALIEË.

P. GROBBELAAR

FOON 331.

KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.



Distribueerder van
Rex Trueform Klerasie.

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65,
POTCHEFSTROOM.



So het Heimat se eetsaal daaruit gesien.

hoe oom Peet Venter, nou Ds. Venter van Potgietersrust soos 'n waansinnige geslaan het. Hy het een soldaat na die ander met reguit regters letterlik die venster uitgeslaan. Twee strepe—soldaat en helme. Ek het hom lateraan sien slaan met al twee die vuiste. Ek het die broer van Prof. Labuschagne, Piet Lappies, sien worstel. In die een arm sy dame, teen hom verskans, met die ander vuist het hy geslaan. Dit was ewe dodelike trefers. Hy het manmoedig geveg totdat hy sy hand afgeslaan het. Toe kry hy reg van agter die genade slag. 'n Doringkierie, regoor sy skedel. Ek het 'n heer onder 'n tafeltjie sien wegskram nadat hy hom tevergeefs verset het. 'n Dame, ek sal maar haar naam verswyg, het in aller haas tevergeefs probeer om meer as haar kop onder die tafeltjie te versteek.

Toe het ek oë toegekny en gespring. Laat ek liewers sê, geduik. Dit was 'n onverbeterlike sprong. Dwaars deur die venster, hande na vorentoe getrek, om 'n weg te baan. Dit alles het in enkele momente gebeur. Ek het neergeslaan spoor 'n os, binne in die kareelaning, toe nog heel jonk. Ek het letterlik 'n pad deur die soldate geploeg. Baie hande het gegryp, ons het gerol en geworstel, maar ek was los.

Soos 'n verskrikte wilde jongos—reguit Heimat toe. Die voorste soldate het net klaar met Spelonke afgereken gehad. Die ou grot het daar erg gehawend uitgesien.

In my kamer op die onderste vloer van Heimat, direk langs die trappe,

het ek net inderhaas die boek wat ek daardie selfde oggend gekoop het en waarin ek nog die aand voor ete geles het, onder my kopkussing versteek. Die boek was waarlik al wat ek ongeskonde na die aanval onder die ruïnes opgediep het. Die boek heet: So het hulle gesterwe.

Terwyl ek nog daar rondstaan, met een oog onbekwaam weens 'n oormaat peper daarin, het my kamermaat, Duimpie Opperman, daarin gebars, hy het ook die saal uitgebars, my aan die hand gegryp: Kam kom! !

Die trappe op soos 'n warrelwind. Agter ons aan het studente aange-warrel, bloed en vloekte.

Doodse stilte hier in die boonste gang. Die skrik het oorgeslaan in woede. Ons het tafels en stoele uitgesleep, reg vir die geveg.

Die soldate het ingebars. Ruite het geklap en deure het gekraak. Een of meer het nie verder as die tweede trap gekom nie, dan slinger 'n stoel van bo hom plat.

Meteens het die soldate terug getrek. Dit was doodstil. Voór Heimat het hulle saam gedrom. 'n Soldaat het ingestorm en na boontoe waar ons slaggereed gewag het, beduie dat hy met ons wil praat. Ds. Boet Postma, destyds dosent in klassieke tale, en nou predikant te Kimberley, het onder ons protes na onder gehaas. (Ons wou liewers die soldaat vergruis het met 'n stoel of ding). Ons het aandagtig geluister. Hy het dit uitgalm in Engels: „Julle moet die boonste vloer hou tenkoste van wat, for they are mad of anger.” Die sol-



.... en so die ou studentesaal

daat het omgedraai en Ds. Postma het hom die trappe opgehaas. Op die selfde oomblik bars die soldate weer in—vir die tweede maal. Die vreeslikste lawaai in die eetsaal, wat reeds al gedek was vir die volgende oggend se ontbyt—onbeskryfbaar. Alles is daar vernietig. Tot die Bybel en Psalmboek op die verhoog was geskeur en vernietig. Die vergrotings van oom Paul Kruger en President Steyn teen die mure was stukkend geslaan. Sien hierin die bittere venyn waarmee opgetrek is.

(Ds. P. Coetzee, destydse voorsitter van die S.R. het nog 'n klein nota voor die verflenterde Bybel geskrywe).

En toe begin die geveg. Ons het die soldate met stoele letterlik afgeveeg van die trappe wat lei na die boonste vloer. Toe die stoele opraak het ons die tafels stukkend geslaan om met die stukke te slaan en te gooi.

Ek onthou nog goed hoe 'n sekere student wie se naam ek sal verswyg, 'n soldaat wat opgelooer het, vol in die oog getref het—met 'n stoelpoot. Bloed het gespat en hy het agteroor gesak. Ons het gejuig.

Teen die tyd het dames wat in een van die boonste vertrekke was ons kom waarsku dat die soldate buite teen die balkonpilare opkruip. Daarheen het ons ons gehaas. Agter die traliewerke het ons ons verskuil. Daar met 'n tafelpoot gewapen het ek en ander hulle ingewag. As die soldaat sy kop bo uitsteek, net een tik met die tafelpoot. Dis al. Lank het hulle nie met die spelêttjie aangehou nie.

Dit was in hierdie tyd dat een van ons studente die dumbel neergeslinger

het op die kop van een van die soldate. Ek het sy knië sien knipmes, sy kop sien knik.

Direk hierna het 'n fluitjie skril ergens in die omgewing van die gevalene geblaas. Die soldate het ingeval en weg marsjeer. Die slagveld was verlate. Ons het ons af gehaas.

Onbeskryflike wanorde. Na die studentesaal—gaos en splinters. Bewustelose studente, bloed en knuppels.

Ek het 'n ou vriend, Mnr. C. Havenga, tans 'n onderwyser op Brits, help indra en die bloed van sy gesig gewas. 'n Gapende wond agter sy voorhoof.

En toe, toe het ek Prof. Postma, ons geliefde Rektor gesien. Waardig soos altyd, het hy die slagveld bewandel. 'n De Wet wat alles nasien na die slag. Die Rektor was stom. Sonder 'n woord oor sy lippe het hy die verwoeste eetsaal betrag. Toe het Prof. wit geword. Die moment staan onuitwislik in die geheue ingegraveer. Tussen die puin het Bybel en Psalmboek blaaië rondgelê.

Oorkant die treinspoor, agter die hoë bloekoms was 'n dreuning soos van veraf brekende golwe.

Hier, vriende, wil ek ophou. Die hele gebeurtenis weer vars voor die geheue en die bloed onstuimig in die kop.

Miskien sal dit goed wees as ander ou veterane ook hulle ondervindinge alsoo meedeel om bewaar te bly as 'n getuienis. Pukke onthou ons verlede.

Staan nou maar baie sterk.

Hartelike groete,

U mede-P.U.Kaner,

ROES (J. A. du Plessis).

KOM NA —

PROTEA HAARKAPPERS

KING EDWARDSTRAAT 51,
POTCHEFSTROOM.
(Regoor Queen's Hotel)

vir
GOEIE DIENS EN NETHEID.

Elenaars:

W. J. van Graan,
P. J. van der Rheede.

HORLOSIE STUKKEND?

BRING DIT NA DIE

Europese
Fabrieksge oefende
Horlosiemaker en Juwelier

P. H. JOB

KING EDWARDSTRAAT 51
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.

DANILATOS UITRUSTERS.

Die Winkel vir Waarde.

ONS SPESIALISEER IN
KLERASIE
VIR MANS EN SEUNS.

Besoek ons en oortuig uself.

Hoek van Lombard- en King
Edwardstraat, Potchefstroom.

DIE P.U.K. TONEEL-EN-VOETBALTOER.

Die P.U.K. Toneelvereniging en Voetbalklub onderneem e.k. winter-vakansie 'n gesamentlike toer deur Noord- en Oos-Transvaal. Die geselskap vertrek Dinsdag 27 Junie van hier en onthind 27 Julie op Pretoria.

Die voetbalspan speel 10 wedstryde en 20 manne gaan op toer d.w.s. 2 man vir elke wedstryd. Hoewel die span sal bestaan uit 1e, 2e span en O/19 spelers hoop ons nogtans op die louere in te oes so ver ons gaan! Ons is baie entoesiasies vir die toer en met Mnr. W. de Klerk as toerleier en C. v. Vuuren as S.R.-vertegenwoordiger en oom Ben en sy gade as reisouers behoort alles baie vlot te verloop en stel almal hulle 'n heerlike vakansie in vooruitsig.

Ons gaan die naam van ons Alma Mater in die buitewêreld indra!

H. DU PLESSIS.

OOM FAAN BEDANK.

Geagte Meneer die Redakteur,

Onder die opskrif **Intervarsitie** in die Junie-uitgawe van **Die Wapad** skrywe u o.a. dat u „'n ander belangrike sy van die saak (die intervarsitie) (wil) onderstreep en beklemtoon en dit is ons GEDRAG tydens die twee e.k. Intervarsities,” en doen u 'n beroep op alle studente „om hulle waardig ons beginsel te gedra.”


As reisvader van die Intervarsitie-toer na Bloemfontein is dit daarom vir my 'n voorreg en eer om d.m.v. u geëerde blad aan al die studente wat aan die toer deelgeneem het, my persoonlike dank te betuig vir die wyse waarop hulle hulle GEDRA het. Die pligte van 'n reisvader kan soms moeilik wees, veral as daar persone is wat hulle nie graag aan reëlmaat, orde en gesag wil onderwerp nie. Hulle beskou 'n reisvader dan ook net as 'n vyfde wiel aan die wa,—iemand wat daarop uit is om die pret te bederf. Met groot dankbaarheid kan ek hier meld dat daar, onder die geselskap wat na Bloemfontein afgereis het, nie sodanige persone was nie; en indien daar enkelinge was, wat so gedink het, het hulle dit nie gesê of getoon nie, maar stiptelik uitvoering gegee aan wat van hulle as P.U.K.-studente verwag is. So

'n houding van die kant van ons studente stem ons tot groot dankbaarheid; dit is 'n bewys dat ons gedissiplineerd is ooreenkomstig die beginsel wat aan ons Inrigting voorgestaan en uitgeleef word.

Dit is maar al te waar dat die studente die beste advertensie vir 'n Inrigting is. En u, geagte studente, u

het ons Inrigting goed geadverteer. Ons het saam gereis en daar was geen moeilikhede nie; u was opgewek en plesierig, maar nooit uitspattend nie; u het op die sportveld verloor, maar nie 'n treurmare aangehef nie. In daardie opsig het u 'n oorwinning behaal—'n oorwinning oor uself as
(Vervolg op bls. 12, kol. 2).

„Springbok-sigarette is aangenamer van geur!”



sê Mnr. Benjamin Marais,
Messelaar, Oos-Londen.

My oortuiging staan soos 'n muur! Springbok sigarette is spesiaal vermeng om te bevredig! Hulle is groter en aangenamer van geur as enige ander sigaret wat ek nog ooit gerook het!

*Meer mans
rook Springbok as
enige ander sigaret!*

HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR
ONLANGSE UNIE-OPNAMES
DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGS-ORGANISASIES.

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande—skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure—oorweldigend hul keuse uitbring op Springbok. Geniet Suid-Afrika se vooraanstaande sigaret—probeer Springbok vandag!

„Hulle bevredig en ek hou van hul egte tabakgeur”.

Brunta.



SPRINGBOK

DIE SPORTMAN SE SIGARET

20 vir 1/-. Ook in pakkies van 10 en 50. Met en sonder kurkmondstuk.

U.K.O.V.S. DIRIGEER AAN DIE WOORD.

Bloemfontein.

Beste Pukkies,

Ek wil julle Pukke net weereens hartlik bedank vir die aangename verblyf tussen julle. Ek sal dit seker lewenslank onthou. Die Puk-manne het werklikwaar 'n goeie indruk gemaak deur hul opregte vriendelikheid en gasvryheid wat ek, benewens die deeglike bewaking, ondervind het. Julle optrede teenoor my as teenstander en gevangene het getuig van die goeie en gesonde gees wat daar heers tussen die studente van die P.U.K. Dit is genoeg om in enige vreemdeling se hart 'n sagte plekkie vir die P.U.K. te skep.

Die ontvoering van Patrys het my meer vererg as verheug omdat hy nog as gas in ons stad verkeer het. Die U.Kowwers voel taamlik in die gesig gevat omdat dit nie na afloop van die gesellighede kon gebeur nie.

KOERIES PRINSLOO.

(Vervolg van bl. 4, kol. 3).

ingeskrewe dagstudente.

„En as ons dan aan niks deelneem nie, hoekom sonder ons ons nie af deur 'n muur om ons te bou nie”—wag ou seun, voor jy in askese verval en begin bou, kyk eers met oop oë rond. Ons het twee intervarsities, (en indien moontlik 'n derde teen Stellenbosch), verder nog wedstryde teen Normaal, teen wie ons ook sing, As jy begin toebou moet jy dalk al die pret mis! Of is dit nog te min „lekker”?

Bedink die raad van Langenhoven, nefie: „Dink eers, en praat dan nie”—selfs nie eers as die ongelukkige mondstuk van mense wat te bang is om dit self openlik te doen nie.

Die „geskorste liedjies,” onwelowelike optelgoed, kan „C.P.” maar sing as hy graag wil, net nie weer in offisiële studentesang nie, sodat ons weer die spot van 'n uitjouende publiek word nie. Nuwe liedjies? Dit is nie die S.R. se werk nie, en buitendien, ken „C.P.” nog nie die minstens twee nuwes (die enigste bruikbares wat ingekom het na twee aanvrae van die A.B.K.K.) nie?

Hiermee, geagte Redakteur, is „C.P.” se storie van sy spookagtige wolhare ontdoen. Nou wil ek nog net die „kale” se kop afkap!

Moet die P.U.K. groei op grond van sportprestasies? Nee, duisendmaal nee! —anders is sy groei sy DOOD! Sy unieke beginsel en ideaal, dit moet sy groeikrag wees!

„Laat ons dus skouer aan die wiel sit en die moeilikhede uit die weg ruim en aan die buitewêreld wys dat ons groot van gees, ideaal en beginsel is, en dat sake hier op die regte goeie manier gedoen word.”

Ek bedank u vir opname,

J. J. v.d. WALT

(Voors. S.R.)

Die Studenteraad het besluit met algemene stemme dat die brief soos geskryf deur die voorsitter die juiste vertolking is van alle Studenteraadslede se standpunt.

(Hiermee is alle korrespondensie oor hierdie onderwerp afgesluit.—Red.)

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY



BROOD EN
ALLE KOEKSOORTE.



RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Foon 282.

Foon 282.

KERKSTRAAT 37,

DE KOCK'S ELEKTRIESE DIENSTE

“Frigidaire” Yskaste,
Radios,

Verligting Toestelle

EN ALLE

Elektriese Toebehore.

Takke: Klerksdorp, Lichtenburg,
Blyvooruitzicht.

KOM SIEN ONS
vir u

Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

DIE LOKALE HAARKAPPERS

LANGSAAN KING'S HOTEL.

Foon 902

Eienaar:

P. W. TALJAARD

SKOONHEID EN DIE BESTE DIENS GEWAARBORG.

SPREEK ONS I.V.M. ONS MAANDELIKSE
SKEMA.

ERRATUM.

Per ongeluk is in verlede uitgawe weggelaat die volgende woorde: „Met erkenning aan N. P. van Wyk Louw” by die gedig: „En as ons oud is” deur L. S. Kruger.

J. HEIDEMA

(Teenoor Gereformeerde Kerk).

KERKSTRAAT 30,
POTCHEFSTROOM,



vir

Raleigh en Phillips Fietse,



en ander

Matchless en Velocette
Motorfietse.



OOK

Olivetti Tikmasjiene.

VRA VIR
BENNIE OSLER
RUGBY-STEWELS

VERKRYGBAAR BY:

DE BRUYN SE
SKOENWINKELS

BEPERK,

POTCHEFSTROOM.
Telefoon 821.

KORRES-
PONDENSIE

Gegte Meneer die Redakteur,

Ek wil nie skinder of slegpraat nie, en ek weet ook dat dit nie jou skuld is nie, maar ek het groot „squeel.” Meneer, aangesien die winter in volle swang is, wil ek maar net sê dat ek koudkry, en dat ek van my eerste jaar af al hoor dat die P.U.K.-kleurbaadjies kom; nou wonder ek maar net of hulle nie al dalk verby is nie! ! Buitendien wil die mense in die Grammadoelas nie eers glo lat ek op Varsitie is nie—my pa ingesluit. Meneer, dis 'n skande dat die P.U.K. in die opsig moet agterstaan, selfs by primêre skole.

Nog 'n ding meneer. Saands sleep 'n mens, of jy word gesleep, en dis so koud buite op die bankies dat 'n mens se liefde nie eers warm kan bly nie. Nou wonder ek hoekom daar nie nog een of twee koshuis-sitkamers Saterdag en Sondagaand tot die slependes se beskikking gestel kan word nie. 'n Kulu is nie genoeg nie. Dis 'n kwesie van botsende belange.

Liewe meneer, aangesien ek vreeslik lief is vir die P.U.K., en oorlat ek ook maar 'n fyngevoelige mens is, wil ek asseblief vra dat die studenteraadslede my tog sseblief nie moet ignoreer oorlat ek maar net gesê het . . .

Dankie meneer.

ORG.

Niemand is gevrywaar teen onsin te praat nie, die ongeluk is om dit sedig te doen.

Oskamp,
P.I.K.,
20e eeu.

My Liewe Pa,

Pa weet seker nie dat ons hier by ons ook 'n Kaspaas het nie. Ek het sy van nou vergeet maar, ou Piet noem hom ou Vennie. Hierdie een lyk nie soos die een wat in die draadloos praat nie, hierdie een is maer. Pa weet hy is baie snaaks. Hy kan ook baie lieg net soos die ander een. Dit is mos nie mooi om te lieg nie, maar dis vir hom baie lekker. Hy praat ook baie en dan glo hy hom laterhand self.

Maar hy is vreeslik slim Pa. Hy sê hy is drie dokters; 'n wetenskap-dokter, 'n mens-dokter, en 'n bossie-dokter. Pa weet hy gaan een van die dae Ieropa toe om nog 'n dokter te word. Hy vat vir Bing saam—Pa weet mos die Bing wat nie kan sing nie. Hy vat ook een van admiraal Nelson se nasate saam om sy skip te dryf. Pa weet wat sê hy nog. Hy sê sy ander naam is Hendrik Joffie. Pa weet mos daardie een wat in Bloemfontein voetbal speel. Hy het ok glo al vir Jou Louis opgevoeter.

Hy speel goeie voetbal Pa. Net jammer hy is verskriklik ongelukkig. Hy kry altyd 'n besering wat sommer gou gesond word. As hy klaar seergekry het wil hy altyd was en sy hare kam, maar dan is die warmwater opgewas. Pa weet dan moet hy met koue water was, en dan kry ek hom so jammer Pa. Pa weet hy eet ook sulke ronde goedjies wat amper soos uie ruik. Ek sal vir hom groetnis sê Pa.

Tata Pa,
EK.

POTCHEFSTROOM
DRY CLEANING WORKS

FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.

PROBEER ONS

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN
SPOEDIGE AFLEWERINGS.

Eienaar:

P. D. DE WET POTGIETER

POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

'N OUD-STUDENT SKRYF.

Posbus 2,
Potgietersrust.

Geagte Redakteur,

Vergun my 'n paar woorde in ons blad. Ek het reeds onder die komberse gelê en lekker warm gebroei, toe ek so stadigaan te warm begin kry het. En hierdie warmte was bra onnatuurlik, want dit is veroorsaak deur die lees van ene „C.P.” se brief in die Junie-uitgawe van Die Wapad.

Wie en wat „C.P.” is, weet ek nie, maar as ek die sakkie so deurkyk, wil dit al vir my lyk of dit nie bra 'n Puk kan wees nie! Dit is egter duidelik dat daar so 'n ietwat verwronge idee van „Studentskap” by die persoon bestaan. Ja, dat die gees van losbandige genieting al so bepleit word, is slegs 'n bevestiging vir die vrees wat reeds bestaan dat ook P.U.K. aan 't verloop is. As daar reeds so min respek en liefde vir 'n suiwer beginsel is, dan vrees ek dat ook P.U.K. besig is om maar net 'n „Groot” Universiteit te word. Kwaliteit moet opgeoffer word terwille van kwantiteit!!

Dit is te betreure dat daar propaganda gemaak word vir Intervarsities hot-en-haar. Ek is nie teen die Intervarsity nie, maar hou dit met ons vriende. Blykbaar weet C.P. nie waarom Intervarsity so 'n spook is vir P.U.K. nie. Dit is nie alleen omrede P.U.K. vol „Rassehaat” en „Rassediskriminasie” is nie, maar ook omdat P.U.K. 'n beginsel het, 'n beginsel wat

pragtig gestel is in sy Leuse en ook omdat ons aanspraak maak op C.H.O. („C.P.” sal seker graag praat van „Chocolates”!!)

Dit is nie alleen omdat P.U.K. so 'n pragtige Leuse nastrewe dat ons nie met almal Intervarsity hou nie, maar ook omdat 'n Puk darem seker ook Nasietrots besit. As „C.P.” 'se nasietrots sodanig is dat 'n kleurskeidslyn slegs 'n versinsel is, dan moet hy maar sy goedjies oppak en gaan studeer waar hy dan gelukkig kan wees.

Soveel borrel op wat gesê moet word dat 'n ou nie mooi weet waar om te vat nie. Gelukkig dat C.P. besef dat hy „anderkant die draad sit.” Ek wil vertrou dat hy maar liever sal besluit om buite die draad te bly, as om P.U.K. te besmeer met sy liberalisme! Laat die „groot lydende party” maar elders 'n heenkome gaan soek en laat P.U.K. vir die „klein minderheid wat so graag domineer.” Dan sal ons P.U.K. kan behou as sieraad vir ons Afrikaanse Volk.

Ek hoop die OGPOE doen nog sy werk, en al moet die Studenteraad weer £1 10s. 0d. betaal vir gebarste klere, hier is 'n kans! !

Hierdie geskryfde is miskien geskryf toe ek te warm gekry het, maar ek vertrou dat u dit sal plaas.

Nou kry ek darem baie koud, want hier in die Bosveld ryp dit mos ook vanjaar!

Aan almal wat graag 'n ware Puk wil wees—sterkte.

Opregte groete,
POON.

BLEEK WAS DIE STERRE

*Bleek was die sterre wat somber wag,
Bleek was die maan wat koud daar gaan,
Bleek was die lig wat op aarde skyn,
Bleek was die wit van die kruisie klein.*

*Kyk, wie strompel daar verby—
Kyk, wie val daar, kyk, wie ly!
Donker is haar lang gewaad,
Bleek, haar swart omraamd' gelaat.
Kyk, haar hande is gevou,
Kyk, haar lippe prewel flou;
Dis 'n moeder, bleek en oud
by 'n graffie, wit en koud.*

*Stil is die sterre wat somber wag,
Stil is die maan wat koud daar gaan,
Stil lê die vrou met 'n glimlag-nou,
Stil by 'n graf met die kruisie klein.*

ARABIER.

Kleinighede maak volmaaktheid en volmaaktheid is geen kleinigheid nie.

...

'n Klein dingetjie is maar net 'n klein dingetjie maar getrouheid in die klein dingetjie word 'n groot ding.—Plato.

BESOEK

Annette

(EDMS.) BPK.

121 King Edwardstraat
POTCHEFSTROOM

ROKKE en HOEDE

VIR ALLE

GELEENTHEDE

SENTRALE NUUSAGENTSAP C. N. A.

SKRYFBENODIGHEDE:—

Alles wat Studente nodig het in voorraad.

BOEKE:—

Vir opleiding of ontspanning—wat ons nie in voorraad het nie, sal ons op versoek bestel.

DIENSTE:

Ons Winkel is spesiaal ingerig sodat u deur ons Boeke kan snuffel na hartelus.

Ons Koerante Afleverings strek oral deur die dorp.

Ons is direkte agente van alle Afrikaanse en Engelse Uitgewers.

**10% Afslag op alle Opvoedkundige Boeke aan
Studente.**

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.
PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,
Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330.

KERKSTRAAT 92,

POTCHEFSTROOM.

DIE NUWE KABINET.

Aspirant President: Prof. J. C. van Rooy.

Speaker: Prof. J. M. Hattingh.

Eerste Minister: Prof. F. Postma.

Minister van Buitelandse Sake: Prof. H. G. Stoker.

Minister van Verdediging: Prof. F. J. Labuschgne.

Minister van Gevangenis: Mnr. J. H. Coetzee.

Minister van Jeugbewegings: Prof. D. J. van Rooy.

Minister van Onkruid: Prof. A. P. Goossens.

Minister van Opvoeding: Prof. J. C. Coetzee.

Minister van Wynbou: Mns. S. du Toit.

Minister van Naturelle Sake: Prof. D. W. Krüger.

Minister van Justisie: Mnr. W. A. Joubert.

Minister van Volkswelsyn: Dr. H. J. J. Bingle.

Minister van Ekonomiese Ontwikkeling: Prof. J. P. v.d. Merwe.

Minister van Liggaamlike Ontwikkeling: Dr. D. P. J. Smith.

Minister van Landbou en Veeteelt: Prof. D. J. du Plessis.

Minister sonder Porto-folio: Prof. D. du Preez.

Aangesien hierdie persone almal er-
vare op hul betrokke gebiede is, kan
ons met reg veel van hulle verwag.

Baie mense moet praat om te kan
dink.

(Vervolg van bls. 8, kol. 3).

mense. U het getoon dat u gebalan-
seerd kan wees. Dit is wat ons van u
verwag: gebalanseerdheid in hierdie
tye van versoeking en ontwrigting.

As oud-student van die P.U.K. vir
C.H.O. was dit vir my aangenaam om
die reis as reysvader mee te maak en
waardeer ek die aangename gees wat
geheers het.

Mag ek net ten slotte die hoop uit-
spreek dat u, as P.U.Kaners, ook in
die toekoms, waar u ook al mag gaan,
die naam van ons Inrigting hoog sal
hou, nie deur op die hoeke van die
strate uit te skreeu dat u P.U.Kaners
is nie, maar om dit deur u GEDRAG
aan die buitewêreld te TOON.

Baie dankie Pukke,
OOM FAAN.

LEES

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word
vir Wes-Transvaal.

—:0:—

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

SONNET.

'n Rooisel, vroeë bode van die dag,
sprei teen die Weste, voor die eerste
skig

die hemeltrans deurskit, van sonne-
lig.

Die skepping droog sy trane af en
lag! !

Maar onder in 'n donker berggrot
mag

die ewig, stikkend duisternis nooit
swig

voor helder, reine klaarte. Hierheen
rig

sy skrede ook die ondier van die
nag.

Te lank het ek getuur, geslaap,
gedroom

met donker in my siel; wyl om my
heen,

belig, die hande van my broers die
soom

van Christus kleed mog aanraak.
Hy verleen

hul dan die glans van Sy genade.
Moet

ek in ellende vir my blindheid boet?
D.E.

Dit wil voorkom asof die P.U.Kaners
wat gekies was vir die s.g. Dalrymple-
byeenkoms, onderweg daarheen besluit
het om maar piekniek te gaan hou—
aangesien hulle nie onder die lys van
deelnemers voorgekom het nie!

Genot is die geluk van die dwase;
geluk is die genot van die wyse.—
Bouillers.